# Bystand met Brandbystand

## Bepalings en voorwaardes

virseker
'n Produk van Auto&General

# Inhoudsopgawe

Vermaaklikheidsbystand ..... 3

Mediese bystand ..... 3

Padbystand ..... 3

Brandbystand ..... 4

Traumabystand ..... 4

Huisbystand ..... 5

Regsbystand ..... 5

# Bepalings en voorwaardes

## Vermaaklikheidsbystand

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Ons hande staan vir niks verkeerd nie, daarom gee ons jou ook toegang tot inligting oor al die groot makieties: vermaaklikheidsgebeure, die bespreking van hotelverblyf, eetplekke en algemene reisreëlings.

## Mediese bystand

(Deel van alle motor - omvattend-; motor - derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie - omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

In die geval van enige mediese noodgeval, kan jy verseker wees van volle toegang tot:

- telefoniese noodbystand;
- noodpadbystand of lugambulans by die ongelukstoneel;
- pad- of lugvervoer na die mees geskikte mediese fasiliteit;
- vervoer van lewensnoodsaaklike medikasie/bloed;
- toesig oor en bystand van gestrande minderjariges;
- oorplasing van terminaal siek pasiënte indien ver van die huis gehospitaliseer;
- oorplasing van oorskot; en
- toegang tot 'n spesialis-krisissentrum in geval van seksuele aanranding.

## Padbystand

(Deel van alle motor - omvattend-; motor - derdeparty, brand en diefstal-; veldbakkie - omvattend-; en bromperdpolisse.)

Hierdie pakket gee jou vinnige oplossings vir padpenaries.

### Breekbystand:

- Insleep na die naaste handelaar ná meganiese/elektriese onklaarheid.
- Dekking vir die uitroepfooi plus een uur se arbeid vir 'n slotslyper as jou sleutels in jou voertuig toegesluit is.
- Dekking vir die uitroepfooi en een uur se arbeid aan 'n pap band/battery.
- Noodaflewering van tien liter brandstof (brandstofkoste sal vir jou eie rekening wees).
- Verwysing na padbystand.
- Verwysing na 'n motorwerktuigkundige.
- Padaanwysingsdiens.
- 72 uur se berging ná insleep.
- Kennisgewing- en boodskapdiens vir familie of besigheid.
- As jy meer as 100 km vanaf jou huis gestrand is ná jou voertuig gebreek het en na 'n hersteller ingesleep moet word, sal ons reëlings tref en tot R500 betaal vir:
- diensvervoer vir jouself en 'n maksimum van ses mense na een aangewese bestemming

    OF

    - - hotelverblyf vir jouself en 'n maksimum van ses mense as daar 'n oornagvertraging is

    OF

    - motorhuur vir 'n 24-uur tydperk, as jy 'n kredietkaartwaarborg lewer. Dis beperk tot huurtariewe, aflewering en afhaal van die gehuurde motor, die eerste tenk petrol en oorhandiging van die voertuig met aankoms by jou bestemming.

Ons sal ook tot R500 betaal vir die koste van die afhaal en terugbesorging van die voertuig by jou normale blyplek nadat die herstelwerk gedoen is.

Die Breekbystand het 'n maksimum jaarlikse limiet van drie uitroepe per versekerde voertuig.

### Ongelukbystand:

#### Wegsleepdiens

Jy kry toegang tot sleepdienste ná 'n ongeluk, wat die vogende insluit:

- Sleep na die naaste goedgekeurde paneelklopper/hersteller
- Botsingsprosedure-advies

Daar is geen limiet vir insleep ná 'n ongeluk onder hierdie voordeel nie.

#### Bystand- en wegsleepnommer

Dit is belangrik dat jy die wegsleeplyn ná die ongeluk bel; so nie sal jy persoonlik verantwoordelik wees vir die koste van die sleep en berging van jou voertuig.

Sou jy in 'n ongeluk betrokke wees, sal ons 'n insleepvoertuig na jou ligging stuur. Hulle sal jou versekerde voertuig bevestig, en ook bevestig waarheen jou voertuig gesleep moet word.

As jou voertuig na 'n ongemagtigde plek gesleep word en daar geberg word, sal herstelwerk vertraag word terwyl jy die prys onderhandel om jou voertuig vry te stel. Jy sal persoonlik verantwoordelik wees vir die koste van die sleep en berging van jou voertuig.

## Brandbystand

(Deel van alle geboue- en huisinhoudpolisse.)

'n Brand kan 'n verpletterende impak op jou lewe hê. Dis juis die rede dat ons jou dek met ons Brandbystand-voordeel om brandnoodgevalle te hanteer en skade te verminder wanneer jy dit die nodigste het.

In die geval van 'n brand by jou versekerde adres of binne die grense van die versekerde adres, sal ons die uitroepfooi en die koste van 'n privaat brandweerdiens dek om die brand te bestry en te poog om die skade wat veroorsaak is te minimaliseer.

Hierdie diens is beskikbaar in vennootskap met ons vertroude diensverskaffer in die volgende groot stedelike gebiede:

- Kaapstad
- Johannesburg
- Tshwane (Pretoria)
- Ekurhuleni (Oos-Rand)
- Ethekwini (Durban)
- Mangaung (Bloemfontein)
- Nelson Mandelabaai (Port Elizabeth)
- Buffalo City (Oos-London)

As jy buite een van hierdie gedekte areas woon, sal jy steeds toegang tot hierdie voordeel deur ons toep hê of deur ons bystandnommer te bel. Jy sal egter vir alle dienskoste verantwoordelik wees. Alhoewel branddienste dalk buite die areas wat gelys is, beperk mag wees, sal daar 'n redelike poging aangewend word om bystand te lewer.

Slegs Motor-polishouers wat in die gedekte areas woon, kan ook toegang tot hierdie voordeel op eie koste kry.

#### Let asseblief

Jy of jou verteenwoordiger moet by die brandtoneel:

- onmiddellike toegang tot die eiendom aan ons diensverskaffer gee om bystand te kan verskaf, en
- ons diensverskaffer vooraf waarsku oor enige diere en enige ander moontlike gevare en/of gevaarlike toestande by die eiendom.

Ons en ons diensverskaffer sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies, skade of besering wat veroorsaak word deur die toegang van die eiendom of gedurende die poging om die brand te blus nie.

## Traumabystand

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudspolisse.)

Hierdie diens word deur 'n landwye netwerk van meer as 110 erkende traumasentrums bedryf, en dit bied jou:

- drie persoonlike traumaberadingsessies;
- bystand met hofprosesvoorbereiding vir getuies/oorlewendes;
- verwysing na groepterapie en ondersteuningsgroepe;
- begeleiding na uitkenningsparades en hofsittings; en
- verwysing na 'n plek van veiligheid of skuiling.

## Huisbystand

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvatttend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Katastrofes behoort nie meer jou huis op horings te neem nie! Ons dek die uitroepfooi plus een uur se arbeid vir die dienste van:

- loodgieters;
- elektrisiëns;
- vensterpassers; en
- slotslypers.

Lede het ook volle toegang tot 'n formidabele databasis van verwysings vir:

- bouers;
- matspesialiste;
- verwers;
- tuindienste; en
- brandskadeherstellers.

Die Huisbystand het 'n jaarlikse limiet van 'n maksimum van vyf uitroepe per huishouding.

## Regsbystand

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty, brand en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Gekwalifiseerde prokureurs is jou regterhand in die regsproses en verskaf telefoniese regs- en belasting-advies vir:

- regsdokumentasie, bv. verkoop-, huur- en volmagooreenkomste, testamente en kontrakte;
- hofprosesvoorbereiding (alle verrigtinge);
- kontrakwet; en
- verwysing na regsverteenwoordiging.

**Alle bystandverwante voordele kan heeldag, aldag en heeljaar bereik word deur**

# 0861 33 37 85

**Brandbystand**

# 0861 555 808

**Hierdie nommers is net vir noodgevalle en bystandoproepe.**
**As jy enige ander navrae het, bel u plaaslike versekeringslyn.**

Virseker is 'n produk van Auto&General Versekeringsmaatskappy Beperk, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en finansiële diensverskaffer.

Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" in hierdie dokument verwys na Auto&General.

Na inhoud